

Triomf-vertaling kragtoer in die SA letterkunde

Deur Cecile Cilliers

Triomf: Marlene van Niekerk; in Engels vertaal deur Leon de Kock; Jonathan Ball Publishers; 1999.

TRIOMF, Marlene van Niekerk se eerste roman, het op alle vlakke getriomfeer. Dit het in 1994 verskyn, het in dieselfde jaar 'n herdruk beleef, en die CNA-, Noma- en M-Net-literêre prys verower. In 1996 is dit weer herdruk, en vanjaar het dit in Engels verskyn in 'n asemrowende vertaling deur Leon de Kock.

In Afrikaans het ek die roman nooit gelees nie. Daardie eerste opspraakwekkende verskyning het saamgeval met 'n krisis in my emosionele lewe, en bekommerde vriende het my afgeraai: die boek is te kru, te skokkend, te onstellend ... Op hulle aanbeveling dus, en resesente se hoë aanprysing ten spyt, het ek *Triomf* vermy. Om dit nou in die Engelse weergawe op te neem.

Die vertaling van die bykans 500 bladsye was 'n reuse-taak wat twee jaar lank geduur het, en Van Niekerk die skrywer gee tereg krediet aan De Kock die digter, vir sy vindingrykheid, deeglikheid en sensitiwiteit.

Marlene van Niekerk is natuurlik self digter, sy het as skrywer met digbundels gedebuteer – *Sprokkelster* (1976) en *Groenstaar* (1983) – maar dit was *Die Vrou Wat haar Verkyker Vergeet Het*, 'n bundel kortverhale wat in 1992 verskyn het, wat haar as skrywer van formaat gevestig het. Die titelverhaal van die bundel is deur Hennie Aucamp as “klassiek” beskryf, volgens hom een van die onvergeetlike verhale in ons letterkunde.

Maar hoe goed ook al, het min in Van Niekerk se vorige werk ons op *Triomf* voorberei.

Haar mensekennis en -insig, haar gevoel vir historiese plasing, vir omgewing en plek, én haar poëtiese aanslag – elemente wat wel in haar vorige werk teenwoordig was – word in die roman tot ongekende hoogtes gevoer.

Nog nooit is die Afrikaner, óns mense, so rou, so eerlik, so onsentimenteel en tog so deernisvol beskryf nie: objektief, bykans onbetrokke, en tog sim-

patiek, en terselfdertyd (en dit is belangrik), voorsien van 'n onteenseglike algemeen-menslikheid.

Pop, Mol, Trêppie en Lambert, die vier hoofkarakters, “*less privileged whites*” wat uit die ou Vrededorp in die nuwe Triomf tereg kom, bekom 'n vreemde universaliteit. Hulle intrinsieke Afrikanerskap ten spyt, groei hulle tot meer as dit, word hulle voorbeelde van 'n ongelukkige, uitgelewerde, gebroke mensheid, slagoffers van omstandighede en 'n eie onvermoë om iets daaraan te verander.

Die vertaling doen baie om daardie breër basis van die roman te versterk. Taal is 'n vreemde ding.

Woorde wat in die moedertaal onaanvaarbaar sou wees, kom gewoonlik makliker in 'n vreemde taal oor die lippe. Daarom is Van Niekerk se eerlike daarstelling van 'n kru wêreld (verval 'n Afrikaanse wêreld) makliker aanvaarbaar in Leon de Kock se Engels.

Nie dat die vertaling 'n afwatering beteken nie. Intendeel. De Kock se sensitiwiteit is nie vir aantootlike taal nie. Hy gebruik geen “verbloemde” woorde nie. Sy sensitiwiteit is vir Van Niekerk se karakters, wat in vertaling niks van hulle eienheid prysgee nie. Om só in 'n ander taal die sfeer, die kern van mense en hulle wêreld te behou, sonder dat die boek ooit soos 'n “vertaling” lees, getuig van 'n besondere digterlike taalgevoel.

Maar vertaling skep wel groter afstand. Wat in Afrikaans miskien werklik aanstoot sou gee, word deur die gebruik van die vreemde taal versag, aanvaarbaar gemaak.

Maar net gedeeltelik. Want die Benades se omstandighede – die bloedskaande, die woedebuie, die geweld, die totale degradasie van hul leefwêreld van Klipdrift en Coke – is nie aanvaarbaar nie. Hoort in geen samelewing aanvaarbaar te wees nie. Maar bestáán. En word onder die mat ingevee. Totdat 'n Van Niekerk dit uithaal en beskryf en ons bewus maak daarvan: van die oneerlikheid van ons bestaan.

Want dit is wat *Triomf* op die keper doen. Dit dui op die valsheid van die stories wat ons vertel, en wat aan ons vertel word: romantiese stories oor ons herkoms om aan die werklikheid 'n draaglike gesig te gee, soos die Benades; politieke liegstories wat

aan uitgelewerdes valse hoop gee om hulle in stemvee te omskep, soos die toentertydse Nasionale Party: soetsappige storietjies van kerkgroepe wat met leë beloftes heil verkondig. Ons self en almal óm ons skep mites terwille van troos, gewaande ordentlikheid, en eie gewin.

Die roman is nie sonder foute nie. Brak kolle in die vertelling laat soms die aandag weifel, maar in die laaste 100, 150 bladsye versnel die pas, neem 'n dringendheid, 'n gevoel van opperste bedreiging oor.

Amper hoopvol oor. Want totale uitwissing kan tog die enigste oplossing wees vir hierdie armsalige, verrotte groep mense.

Maar so eenvouding is dit nie. Aan die werklikheid is daar geen ontsnapping nie. En dit is in daardie besef, in die uiteindelijke aanvaarding van die werklikheid, dat 'n vonkie hoop ontbrand.

Triomf is 'n kragtoer, en Leon de Kock se vertaling is naatloos. Hierdie boek, én die vertaling, is 'n hoogtepunt in die Suid-Afrikaanse letterkunde.

• *Dr. Cilliers is 'n vryskut-joernalis.*